**APPÈLPROSEDURE INGEVOLGE ARTIKEL 7 VAN NEMA SE OIE-REGULASIES, 2010, SOOS PER STAATSKENNISGEWING R543 VAN 2010, WAT GEVOLG MOET WORD DEUR DIE APPLIKANT EN GEAFFEKTEERDE PARTYE MET ONTVANGS VAN 'N KENNISGEWING VAN 'N OMGEWINGSMAGTIGING**

| **APPLIKANT** | **BELANGSTELLENDE EN GEAFFEKTEERDE PARTYE (B&GP's)** |
| --- | --- |
| 1. Ontvang kennisgewing van Omgewingsmagtiging (OM) van die tersaaklike Bevoegde Gesag (BG) (die DO). | 1. Ontvang kennisgewing van die OM vanaf die Applikant/Konsultant. |
| 2. Stel alle B&GP's binne 12 dae in kennis van die OM en vestig hul aandag op hul reg tot appèl teen die OM ingevolge Artikel 7 van die Regulasies. | 2. N.V.T. |
| 3. Indien u teen die OM wil appelleer, moet u 'n kennisgewing van voorneme om te appelleer binne 20 dae vanaf die datum van die OM by die Minister van Waterwese en Omgewingsake (die Minister) indien. | 3. Indien u teen die OM wil appelleer, moet u 'n kennisgewing van voorneme om te appelleer binne 20 dae vanaf die datum van die OM by die Minister van Waterwese en Omgewingsake (die Minister) indien. |
| 4. Nadat u u kennisgewing van voorneme om te appelleer by die Minister ingedien het, moet elke geregistreerde B&GP binne 10 dae ná die indiening van die kennisgewing van 'n kopie van die kennisgewing van voorneme voorsien word. | 4. Nadat u u kennisgewing van voorneme om te appelleer by die Minister ingedien het, moet die Applikant binne 10 dae ná die indiening van die kennisgewing van 'n kopie van die kennisgewing van voorneme voorsien word. |
| 5. Die Applikant moet elke B&GP ook voorsien van:<br>• 'n kennisgewing wat aandui waar en vir hoe lank die voorlegging van appèl beskikbaar gaan wees vir besigtiging. | 5. Die Appellant moet die Applikant ook binne 10 dae nadat die kennisgewing ingedien is voorsien van:<br>• 'n kennisgewing wat aandui waar en vir hoe lank die voorlegging van appèl beskikbaar gaan wees vir besigtiging deur die Applikant. |
| 6. Die appèl moet by die Minister ingedien word binne 30 dae ná die verstryking van die 20 dae tydperk wat toegelaat word vir indiening van die kennisgewing van voorneme om te appelleer. | 6. Die appèl moet by die Minister ingedien word binne 30 dae ná die verstryking van die 20 dae tydperk wat toegelaat word vir indiening van die kennisgewing van voorneme om te appelleer. |
| 7. Enige B&GP wat kennisgewing van 'n appèl ontvang het, mag 'n antwoordverklaring by die Minister indien binne 30 dae vanaf die datum waarop die voorlegging van appèl by die Minister ingedien is. | 7. 'n Applikant wat 'n kennisgewing van voorneme ontvang het, mag 'n antwoordverklaring by die Minister indien binne 30 dae vanaf die datum waarop die voorlegging van appèl by die Minister ingedien is. |

NOTAS:

1. **’n Appèl teen ’n besluit moet ingedien word by:**
   a. die Minister van Waterwese en Omgewingsake indien die besluit uitgereik is deur die Direkteur-generaal van die Departement Omgewingsake (of ’n ander amptenaar) wat optree in sy/haar hoedanigheid as die afgevaardigde Bevoegde Gesag;
   b. die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling indien die applikant die Departement Waterwese is en die besluit uitgereik is deur die Direkteur-generaal van die Departement Omgewingsake (of ’n ander amptenaar) wat optree in sy/haar hoedanigheid as die afgevaardigde Bevoegde Gesag.

2. **’n Appèl ingedien by:**
   a. die Minister van Waterwese en Omgewingsake moet by die Departement Omgewingsake ingedien word;
   b. die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling moet by die Departement Omgewingsake ingedien word.

3. **’n Appèl moet:**
   a. skriftelik ingedien word;
   b. vergesel deur:
      - ’n verklaring wat die gronde van die appèl uiteensit;
      - aanvullende dokumentasie waarna in die appèl verwys word; en
      - ’n verklaring dat die appellant voldoen het aan regulasie 62 (2) of (3) tesame met kopieë van die kennisgewings waarna regulasie 62 verwys.